

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 46 15 Augustus 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Gasredakteur

Spanje klink altyd so ver. Vandag is dit aangesien die redakteur vandag iewers op die pelgrimsroete van die “*Santiago de Compostela*” iets meer hieroor sal die redakteur, waarskynlik, met sy terugkeer skryf. Vandag plaas ek 'n artikel deur een van ons Geloofsbondpredikante wat geskryf is na aanleiding van 'n opmerking op die bakkiesblad wat hy vir ons verwerk het in 'n gepaste artikel. Soos gewoonlik word die skrywer se naam nie geplaas nie. Ek vertrou dat die ter sake onderwerp sal waardeer.

Ds Arno Nieuwhof

“WILLEKEURIGE OF HISTORIES-KRITIESE

NADENKE OOR GOD EN DIE HEMEL”

In die wêreld waarin ons vandag leef, staan die mens al meer in die sentrum van die mens se mens- en wêreldbeskouing. Daarom word die mens se verstaan en belewenis van die werklikheid baie sterk beklemtoon. Die gevolg is dat elke individuele mens sy eie ervaring mag hê

oor wat bestaan of wat nie bestaan nie, wat waar of vals is, wat reg of verkeerd en wat goed of sleg is. Na my mening is die onvermydelike gevolg van so 'n humanistiese benadering, totale willekeur in die mens se verstaan van die waarheid van die verlede, die waarheid van die hede en die waarheid oor die beloftes vir die toekoms. Dit kan dan ook nie anders as om te geld vir die mens se verstaan van God en die hemel nie.

Aan die anderkant staan, wat ek verkies om die histories-kritiese benadering te noem. Hiervolgens het ek nog altyd geglo moet ons deeglik kennis neem wie die skrywer van 'n bepaalde teksgedeelte was, sy agtergrond en omstandighede, waar die teks in die groter geheel van die Bybel inpas ens. Dit sluit vanselfsprekend ook in dat ons krities na die geskiedenis van die interpretasies wat die geleerdes en die Kerk deur die eeue daaraan gegee het te gaan

kyk met die in ag neem van elke konteks. In hierdie bestudering van enige teks, het ek dit nog nooit verstaan dat ek die Bybel, as die Woord van God kan, of hoegenaamd moet bevraagteken nie. Dit was nog altyd vir my die Heilige Woord van die Here en die norm vir alle lewe.

In die tweede deel van die Heidelbergse Kategismus, wat oor die verlossing van die mens handel; Sondag 6; Vraag en antwoord 19 staan daar: "Waaruit weet jy dit (dat God ons in Jesus Christus van die sonde verlos het)? Die antwoord lei dan: "Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelik het Hy dit deur Sy eniggebore Seun vervul".

Wanneer 'n mens vandag uitsprake van geleerde teoloë soos die volgende lees, dan raak jy opreg bekommerd oor die duidelike nuwe teologiese benadering wat gevolg word. "Navorsing het daarop gewys dat Jesus 'n bepaalde Godsbegrip gehad het wat in sy lewe en verkondiging na vore getree het. Hy ervaar God as direk en onbemiddeld teenwoordig in sy lewe. Jesus se begrip van God word gedefinieer deur die metafoor van God as Vader." En verder: "Wat hier op aarde maar net beloftes is, sal

daar (in die hemel) werklikhede wees. Ons sal God sien. Nie deur die oë van die Bybelskrywers nie). Die eerste stelling is vir my totaal vreemd. Op die oog af lyk die tweede na 'n aanvaarbare stelling, maar in wese hou dit myns insiens 'n baie groot gevaar in. Die grootste gevaar is dat die gesag van die Bybel, as die Woord van God, in beide stellings ondermyn word. In die eerste selfs die Seunskap van Jesus Christus. Indien ons so met die Bybel en Bybelse boodskap omgaan, word die Bybel net 'n boek waar alles eenvoudig net menslike ervarings en woorde is waarin die verskillende Bybelskrywers net nagedink het oor God en hulle ervarings neergeskryf het. Dit maak tog die Bybelse gesag relatief en open die weg om enige ander godsdienst (Mohammed, Boeddha en selfs die aartsvadergeeste) ook as menslike ervaring van die godheid uit te druk. So het ons dit reeds beleef dat in die studie oor die sogenaamde historiese Jesus, moderne teoloë verklaar, dat Jesus nie maagdelik verwek kon wees nie, en dat Hy nooit uit die dood opgestaan het nie. Hy het maar net in die gedagtes (ervaring) van die vroeë Christene bly voortleef.

Ek ontken nie dat elke Bybelskrywer binne 'n bepaalde konteks geleef het en teen daardie agtergrond verstaan het nie, MAAR dat die Bybelskrywers deur die Heilige

Gees geïnspireer is om die waarheid oor God te praat, loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Skrif. Ons leer God ken as die absoluut regverdig God wat die sonde regverdig straf. Nogtans openbaar Hy Homself as die absoluut genadige en ware liefdevolle God wat die weg van vergifnis deur die kruis van Golgota en verseker Hy ons van ons eie opstanding deur die opstanding van die Here, Jesus Christus. Sy Vaderlike liefde kom ook tot uitdrukking in die feit dat Christus, die Messias, na die hemel opgevaar het en daar vir ons ons plek gereed maak. Maar ook daarin dat Hy Sy Gees na ons gestuur het om ons te versorg en te vertroos.

Van hierdie eienskappe is daar maar baie min in die mens en op hierdie aarde teenwoordig. Vir ons as mense is dit dus hoegenaamd nie moontlik om te besluit hoe "ons God ervaar nie". Dan laat ons, myns

insiens, ons denke oor God, oor aan menslike willekeur en wil ons met ons onvolmaaktheid wesensuitsprake oor die Volmaakte God maak.

Ons moet weer leer om nie die Bybelse boodskap krities te bestudeer nie, maar eerder die ervarings en opinies van mense daarvoor. Die gees van ons tyd vereis ongelukkig 'n kritiese ingesteldheid teenoor die post-moderne humanistiese verstaan van mense. Doen eerder navorsing daarvoor en laat die Bybelse waarhede met rus. Pasop vir die wolwe in skaapsklere. Hulle kom met mooi woorde, maar het ten doel om te vernietig.

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

.Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Karnaval Premiermyn:

Premiermyn hou hulle jaarlikse warm winterfees in die vorm van 'n karnaval op **1-2 Augustus 2014** op die **kerk se terrein**. Vrydag gaan daar 'n Vark-op-die-spit-ete, of pap en Kaiings en gemeentekonsert wees. **Saterdag** kom die **PENKOPPE** die vermaak verskaf. Almal baie hartlik welkom.

S 025° 40.672'

E 028° 32.188'

Premiermyn Hervormde Kerk Cullinan
ONS HOU KARNAVAL
Kom kyk wat doen die Penkoppe
09:00 - 13:00

Vetkoek, Pannekoek, Kerrie & Rys, Tuisgebakte Brood, Nagereg, Koeksisters!

Wanneer?
2 Augustus 2014

Hoe laat?
08:00 - 16:00

Adres: Zonderwaterweg, Cullinan (Oorkant Landdroskantoor), E028°32.188 S025°40.672

Kontak gerus vir:
Marie by 083 651 6721 of
Dina by 082 410 6823

Verskeie speletjies vir die kinders!

VAALWATER
Spice Gold Cycling
Bos Fees - MTB / Road Classic

TANDEMIS - R120.00

PADFIETS: BOSVELDRUS KARAVAN PARK
DATUM: 30 AUGUSTUS 2014
INSKRYWINGS: www.championchip.co.za
DISTANSIES: 10km - 50km - 104km (Melkriver pad)
INSKRYWINGS GELDE: R80 (10km) R130 (50km) R130 (104km)

BERGFIETS: KOLOBE GAME RANCH
DATUM: 31 AUGUSTUS 2014
INSKRYWINGS: www.championchip.co.za
DISTANSIES: 15km - 30km
INSKRYWINGS GELDE: R100 (15km) R120 (30km)

AKKOMODASIE BESIKBAAR

BOSFEES 30 AUGUSTUS
BOSVELDRUS KARAVAN PARK
KOS STALLETJIES - POTJIEKOS KOMPETISIE
BIERTUIN
GOSPEL SANGER
KEN MEKAAR BRAAI (karavaan park) 29ste CHAMPION CHIP
MEDALIES VIR ALMAL WAT
WEDREN VOLTOOI - PRYS UITDELING
KONTAK NR: 083 440 5605 (TRUDIE)

Vaalwater Bosfees

Vaalwater hou op 30 -31 Augustus hul Bosfees. Lees gerus die meegaande advertensie en kry u inskrywingsvorme vroegtydig by die organiseerders of op www.geloofsbond.co.za

Stuur u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spyse-
nierings-benodigdhede en skoon-
maakmiddels vir funksies van
kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.